

Sing vooraf: Psalm 66:1 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:3 (p. 179)

- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 19:1 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde en wetenskap / deur al sy donker wake.

Skriflesing: Kolossense 3

Teks: Kolossense 3:9, 10; Kategismus Sondag 32

Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper, (Kolossense 3:9-10 AFR1953)

Paulus skryf hier van goeie werke.

- Ons het deel geword van 'n nuwe lewe.
 - En ons het daarmee saam 'n nuwe lewenstyl begin.

Daar gebeur met ons dinge in ons lewe wat ons nie kan sien nie. Maar die dinge is daar!

- Een so 'n ding is dat ons deur Christus verlos word, en daardeur deel kry aan die gawes van die Here Jesus Christus.

Die wortels van hierdie lewe lê inderdaad in die onsienlike.

- Want niemand kan iets soos geloof of bekering sien nie.
- Niemand kan verlossing in Christus sien nie.
- Maar dit beteken nie dat ons daarom nie in hierdie nuwe lewe kan leef nie.

Die Here skryf hier dat ons die klere van hierdie verlose en nuwe mens moet aantrek.

- Dit gaan oor die woord *aantrek* of *beklee*.

- Om klere aan te trek, gebeur nie in 'n oogwink nie.
- Dit is 'n hele proses waar ons die een kledingstuk na die ander aan ons lyf kry en dit alles netjies maak, voordat ons klaar aangetrek is.
- Die belangrike is dat as ons klaar aangetrek het, ons heeltemal anders lyk as wat ons gelyk het voordat ons begin aantrek het.

Dis presies hoe dit met die lewe in Christus ook gaan.

- Dit is 'n hele proses van verandering waarmee 'n mens jou lewe lank aanhou.
- Dit is ook 'n proses waarin ons mettertyd meer en meer wasdom bereik.
- Al hoe meer volwasse ons word, al hoe meer en beter vrugte bring ons voort.

Dit is moeilike dinge om oor te praat en oor te dink. Maar ons moet nogtans daarvoor dink hoe ons in hierdie posisie beland het, en wat nou van ons verwag word.

- Die feit is dat ons deur die bloed van die Here Jesus Christus gekoop is en dat ons nou God se eiendom geword het.
- Ons is deur sy bloed vrygemaak van die sonde.

Anders gestel: Die Here Jesus het ons “nuut gemaak”.

- Dit beteken dat Hy ons verhouding met God en met die sonde verander het.
- Ons het in 'n wanverhouding met God gestaan: Ons doen die eer van die Here voortdurend skade aan met die verkeerde dinge wat ons in ons lewens doen.
- Dit is nou deur die Here Jesus verander, want God het ons nou ons sondes vergewe omdat Hy dit al klaar gestraf het.

Die Here Jesus het ook ons verhouding tot die sonde verander, want waar ons in onself altyd geneig is om sonde te doen, het die Here ons nou verander sodat ons

- vyande van die sonde kan wees,
- en oorwinnaars oor die sonde kan wees as die sonde ons aanval.

Ons lewe moet dus die kenmerk daarvan dra dat ons heiliger word, al hoe langer ons in die geloof voortgaan. Ons praat gewoonlik hiervan as dat ons goeie werke moet doen.

Ons worstel baie met die saak van goeie werke. Wil ons iets daarmee bereik? Wil ons dit byvoorbeeld gebruik om mee hemel toe te gaan?

Weet u, daar is mense wat goeie werke doen net om aansien onder die ander mense te verwerf.

Waar kom u goeie werke vandaan? Uit hierdie gedeelte is dit baie duidelik dat goeie werke nie 'n middel is waarmee ons iets kan bereik nie.

- God het ons verander in Christus en nou is ons nuwe mense.
- Dis eie aan 'n nuwe mens om goeie werke te doen.

Die saak staan net met ander woorde so neergeskryf in 1 Johannes 5:3:

Want dit is die liefde tot God, dat ons sy geboorte bewaar; en sy geboorte is nie swaar nie. (1 Johannes 5:3 AFR1953)

Dis nie waar dat ons met goeie werke 'n saak voor die Here wil uitmaak dat Hy ons moet verlos nie. Dit is presies omgekeerd:

- God het ons verlos, en nou leef ons soos verlostes.
- 'n Verloste mens doen goeie werke om daarmee sy dankbaarheid aan sy Verlosser te

bewys.

- Dit is is 'n bewys dat ons bekeer is en God van harte dien.
- Mens sou dit nog anders ook kon stel: Goeie werke is die uitvoering van ons mondelinge belydenis.

Die beeld van die klere aantrek pas ook hier – in dié sin dat ons daarmee uitbeeld dat ons die “uniform” van ons Koning dra. Die beeld in Openbaring sluit ook hierby aan, want daar staan dat die kerk die bruidskleed moet dra.

Goeie werke is gerig op die eer van God. Dink byvoorbeeld aan die uitspraak in 1 Korintiërs 6:20 waar daar staan:

Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. (1 Korintiërs 6:20 AFR1953)

Dit is 'n mooi uitspraak: Ons behoort met liggaam en siel aan God.

- Daarom moet ons God verheerlik.
- Om God te verheerlik is om goeie werke te doen.
- Dit staan op meer plekke in die Bybel geskryf, dink ook aan dit wat in Matteus 5:16 geskryf staan:

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. (Matteus 5:16 AFR1953)

Die saak is baie belangrik, want ons kan nie wil redeneer dat die Here ons tog in Christus verlos het, en nou kan ons maar gaan doen wat ons wil nie.

- Matteus 7:17 leer dat 'n goeie boom goeie vrugte dra en 'n slegte boom slegte vrugte.
- **Vrugte dra** is niks anders nie as goeie werke.

Ons sal dus net goeie werke kan doen as ons 'n goeie boom is, en 'n boom maak hom nie self nie – ons word 'n goeie boom gemaak deur Jesus Christus.

- Daarom het ons doodgewoon die plig om goeie werke te doen, want daar staan in 1 Tessalonisense 4:7 geskryf dat God ons nie geroep het tot onreinheid nie, maar tot heiligmaking.

Daar is min verskil tussen wanneer God ons roep en wanneer Hy ons beveel.

- God verwag dus van ons om goeie werke te doen.
- Ons kan dit egter nie uit ons eie doen om iets daarmee te bereik nie.

Openbaring 20:13 praat ook daarvan dat God die dooies wat uit die aarde en uit die see kom, oordeel volgens hulle werke.

- Hulle was dus gehoorsaam of ongehoorsaam en gaan dienooreenkomstig gestraf word.

Die feit is

- dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het sodat ons innerlik verander word.
- En ook sodat dit wat ons alles verkeerd gedoen het, deur God vergewe word omdat Jesus self die straf daarvoor gedra het.
- Verder maak Hy ons ook nog daagliks nuut deur die werking van die Heilige Gees.

Geliefdes, lewe in Christus.

- Laat u werke dit ten toon stel dat u u lewensaand tegemoetgaan in die vaste wete dat u in die koninkryk van God sal wees.

- Onthou dat Christus nie eers oor u sal leef en regeer wanneer Hy op die wolke kom nie.
- Hy regeer nou reeds oor ons, daarom moet ons werke vertoon dat ons die verlossing van Christus ons eie gemaak het.

Kom ons lees Kategismus Sondag 32 saam.

Vraag 86: Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?

Antwoord: Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d).

(a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.

Vraag 87: Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a).

(a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6; 1 Joh 3:14.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 96:1 (p. 480)

1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 16 Augustus 2009